

28 Maart

Skrifgedeelte: Genesis 49:1-28

God se kinders is geseënd

Jakob en Josef se lewensverhale staan einde se kant toe. Weldra sal 'n nuwe tydperk in die geskiedenis aanbreek, wanneer die familie van Jakob die volk Israel sal word. Met die oog op die toekoms wat voorlê, seën Jakob op sy sterfbed sy seuns een vir een. Hy beskryf elke seun van hom soos hy hulle sien en hoe hulle toekoms sal wees.

Die nageslag van Jakob kan nou as geseëndes in Egipte bly. Hulle kan die toekoms met hoop en in verwagting tegemoet gaan. In Egipte sal hulle wel slawe word en baie swaarkry belewe. Omdat hulle geseën is, is dit egter seker dat hulle ook uit dié swaarkry verlos sou word.

Die seën wat Juda ontvang het, sou later 'n groot rol speel in die geskiedenis van die volk Israel. Deur die eeue is dit aan Dawid en sy koningshuis verbind. Dit het die verwagting by die volk gewek van die Messias wat sou kom.

Christus is die Leeu uit die stam van Juda (Op 5:5). Hy is die Messias wat sou kom. Deur hom is Juda se seën vervul. Daardeur is ons ook geseën. Deur ons band met Hom deel ons in die oorwinning wat Hy behaal het. In Christus is ons geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. Daarom kan ons die toekoms met hoop en verwagting tegemoet gaan. Wat die toekoms ook al vir ons inhou, ons kan dit as geseëndes van God ingaan.

Sing: Psalm 128:4

Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)